# RANDJIENUUS

## 3 OKTOBER 2025

### TEN BATE VAN KANKER

'n Graad 3-leerling van Laerskool Unika het met ons hoërskoolleerders kom gesels. Sy het ***K.i.d.s (Kids Inspiring Dynamic Social change)*** gestig nadat sy vir haar ouers gesê het dat sy "iets vir die wêreld" wil doen. K.i.d.s verkoop R5 goue strikkies ten bate van kinders wat met kanker gediagnoseer is. Hierdie is weer vir ons as skool 'n herinnering dat die mooiste lewenslesse dikwels by ons kinders geleer kan word. Randjies mag hierdie strikkies by hulle skoolklere dra – 'n baie oulike inisiatief!






Hard WORK PAYS off

### HARDE WERK WORD BELOON

Juf. Gouws het besluit dat harde werk met iets soet gevier moet word – en het self tuisgebakte koek gebring om 'n leerder se langtermyn doelwit te vier. Die hele klas het saam gesmul en die mylpaal is op die regte manier gevier!

By ons, glo ons: drome + harde werk = redes om koek te eet!





# AKADEMIE

## FISIESE WETENSKAPPE

Ons **Fisiese Wetenskap-leerders** het 'n prettige titrasie-eksperiment aangepak. Hulle het met sure en basisse gewerk om te sien hoe neutralisasie in 'n laboratorium lyk – en natuurlik kon hulle ook hul slim wit jassies aantrek. Dit was nie net leersaam nie, maar ook groot pret om 'n bietjie soos regte wetenskaplikes in die laboratorium te voel.




## WOW-SPELFEES

Die volgende leerders het op 12 September aan die **WOW Spelfees** se provinsiale ronde, wat by Laerskool Fairland aangebied is, deelgeneem.
Baie geluk, julle maak ons trots!

spelling bee

**Graad 8**
★ Alexis Faber
★ Ryno Henderson
★ Zachary Combrink
**Graad 9**
★ Kayla du Preez
**Graad 10**
★ Ilana van den Berg
★ Miané van der Westhuizen
★ Nickus van der Walt
★ Renaku Nieuwenhuis
★ Ruben Mynhardt
★ Rumaysaa Fillis

WOW
WOORDE OPEN WÊRELDE







**Ryno Henderson** (derde) dring deur na die nasionale ronde wat in Oktober by die Universiteit van Stellenbosch plaasvind. Baie geluk, Ryno en baie sterkte!

# LEIERSKAP

## STUDENTEFORUM 2025 GROET

Ons groet ons die **Studenteforum van 2025**. Hierdie groep leerders het diep spore in ons skool getrap. Dankie vir 'n jaar van dienslewering, nuwe tradisies en baie oomblikke van trots. Ons wens vir julle die mooiste op julle lewenspad vorentoe. Mag alles wat julle aanpak, geseën word.




# KULTUUR

## DIGITONEEL EN MONOLOOG

**Nicole de Klerk (gr. 12),** is met haar digitoneel deur na twee nasionale kompetisies. Sy is in die top 3 by die Allegretto Monofees en een van die sewe finaliste van die Aardklop Pronk Digitaal kompetisie. Beide kompetisies se finaal was op 25 September. Sy kan egter beide geleenthede "bywoon", want by die Allegretto-kompetisie word die drie video's tydens die prysuitdeling gespeel. Dit gee haar die geleentheid om by die Aardklop Pronk Digitaal se finaal deel te neem waar die finaliste verfilm word terwyl hulle hulle monoloë lewendig opvoer. By Allegretto het Nicole **beste aktrise** vir digiteater gekry. Baie geluk, ons is baie trots op jou mooi prestasies



## REDENAARS

**Reuben Pelzer (gr. 8)** het op 20 September aan die nasionale finaal van die *SALA (South African Literacy Association)* se redenaarskompetisie deelgeneem en 'n algehele **tweede plek** behaal. Baie geluk, Reuben, so praat mens.





WELL DONE

## *A CAPELLA*

Op 13 September neem Randburg se eie Sterrenade-groep aan die *Animato A Cappella* uitdunrondte deel. Ons is baie trots op hierdie span wat hul uitstekend van hul taak gekwyt het. Julle is inderdaad *Survivors* en 'n bewys dat 'n ware Randjie, in murg en been, nooit gaan lê nie.



## KOOR

Die **koor** het op 26 September by Fontainebleau Gemeenskapskerk saam met **Joshua na die Reën** was 'n besonderse belewenis. Dit was 'n voorreg vir ons koor om saam met hom te kon sing. Dit is beslis 'n aand wat ons koor vir altyd sal onthou.



# 'n Goue bladsy in ons geskiedenis!

Tienertoneel - Ons is ongelooflik trots op ons leerders wat *(wildsblom)* van begin tot einde self behartig het: skryfwerk, regie en elke ander element wat nodig was om hierdie produksie op die planke te bring. Die groep het by die hoof gaan inloer om hulle name amptelik in die Hoërskool Randburg geskiedenisboek te laat inskryf – die eerste keer dat 'n Randburg tienertoneelproduksie die "leerlingproduksie"-kategorie by 'n nasionale finaal gewen het!

Hierdie besonderse span het dit alles moontlik gemaak:

- **Ethan Bester** – Skrywer, Regie, Hoofrol, Klankontwerp, Beligtingontwerp, Stelontwerp, Multimediaontwerp, Kostuums, Grimering
- **Nicolaas Mitchell** – Regie, Klankontwerp, Beligtingontwerp, Stelontwerp, Klankoperateur
- **Nicole de Klerk** – Hoofrol, Kostuums, Grimering
- **Meagan Bridger** – Stelontwerp, Multimedia-operateur
- **Keira Bester** – Beligtingsoperateur
- **Ingrid Bekker & Philmar Minnaar** – Verhoogbestuurders
- **Dihan Myburgh, Phillip van Eeden, Ben Mitchell, Meagan Bridger, Wian Gouws, Sibella Naudé** – Verhooghulp
- **Schalk du Plooy** – Plakkaatontwerp
- *(wildsblom)* is nie net 'n toneelstuk nie – dis 'n bewys van hoe ons leerders se talent, toewyding en spanwerk ons skool laat skitter.




well done








# SPORT

## TENNIS

Ons tennisdogters het op 16 September 'n ligawedstryd teen St Mary's gespeel. Die **A-span** wys hul staal en vat die oorwinning huis toe. Die **B-span** moes teen sterk teenstanders vasbyt en het hulle ook goed van hulle taak gekwyt. Beide spanne het baie mooi tennis gespeel en ons sien uit na die res van die liga.





Ons tennisseuns het die naweek van 26 tot 28 September vir die vierde agtereenvolgende jaar aan die gesogte St Anne's *Doubles Invitational* toernooi deelgeneem. Hulle het weereens nie teleurgestel nie en fantasties tydens die toernooi gespeel. In die gewone dubbels-afdeling het die seuns besonder goed gevaar en 'n derde plek uit agt spanne behaal – 'n uitstekende prestasie teen sterk opposisie. In die gemengde dubbels, waar hulle saam met die talentvolle dogters van Herschel Girls gespeel het, eindig hulle in vyfde plek. Baie geluk aan hierdie spelers! Julle maak ons trots!






# MOTORRESIES

**Rudi Schüssler (gr. 12)** het aan die laaste nasionale rondte vir die jaar in *Rotax Senior Max* by Zwartkops deelgeneem. Hierdie resies het vier rondtes gehad, een meer as die gebruiklike drie rondtes elk van die vorige nasionale rondtes wat in Kaapstad, Vereeniging en KZN plaasgevind het. Rudi het hom uitstekend van sy taak gekwyt, al was hy vir amper twee maande nie in sy *kart* nie. Rudi het die resies met net een enjin aangepak, maar met die hulp van 'n uiters bekwame werktuigkundige aan sy, sy kon hulle die beste uit die *kart* haal ten spyte van die veranderende baantoestande deur die naweek, bande wat degradeer, asook die uiters fisies uitdagende Zwartkopsbaan. Rudi het die jaar met 'n nasionale tiende plek uit 50 inskrywings afgesluit, voorwaar 'n groot prestasie in sy debuutjaar in *Rotax*. Baie geluk, Rudi, ons is baie trots op jou.




# KONINGSSTOK-AFLOS (STOEI)

Die Koningsstok-aflos is 'n gesogte tradisie wat as aanloop tot die Statebondspele dien. Net soos die historiese Koningin se Stok-aflos, dra dit 'n boodskap van Sy Majesteit, die Hoof van die Statebond en reis dit deur al 72 lidlande en gebiede. Hierdie reis simboliseer eenheid, vriendskap en 'n gedeelde doel en verbind gemeenskappe deur die stok wat deur duisende genomineerde draers gedra word. Die aflos bereik sy hoogtepunt tydens die openingseremonie van die Spele, waar dit die amptelike begin van die feesvieringe aandui. Die baton het reeds 'n indrukwekkende reis agter die rug en beweeg nou oor verskillende lande en kontinente op pad na die Spele. In Suid-Afrika word dit ook van provinsie tot provinsie vervoer, sodat gemeenskappe regoor die land deel kan wees van hierdie wêreldwye simboliese reis. **Jesse (gr. 11) en Danny Jonker (gr. 8)**, 'n broer-en-suster-paar van die Danie van Zyl Stoeiklub, het die besondere geleentheid gehad om die Koningsstok-aflos by die SASCOC-huis by te woon. Hulle deelname is nie net 'n persoonlike eer nie, maar ook 'n trotse oomblik vir Suid-Afrikaanse stoei, wat wys hoe die sport en sy atlete deel van die groter Statebondsfamilie is.



# Nr. 1 Fietsryskool in Johannesburg!

Ons is trots om aan te kondig dat Hoërskool Randburg die **top fietsryskool** in Johannesburg is – en die enigste skool in Johannesburg waar beide ons **seuns- en dogtersfietsryspanne** vir die *Cycle Lab* Skole Nasionale Kampioenskappe op 4 en 5 Oktober in Piet Retief gekwalifiseer het! **Die volgende leerders is:**







**SEUNS:**

Evan Naudé
Erik Breedt
Reinhardt Strydom
Ty Breed
Ewald Eloff
Llewellyn Hoar

**DOGTERS:**

Natsha Swart
Kirsten Roos (buite leerder)
Leané Grobler
Alzé du Plessis

**HOOGTEPUNTE VAN DIE 2025-SEISOEN:**


- Ons het die **geel trui** vir o. 15-seuns deur die hele seisoen behou.
- Ons o. 19-seuns het die **geel trui** vir die eerste twee wedrenne én die laaste wedren gewen.
- By elke *Cycle Lab* MTB-wedren het Randjies verskeie podiumplekke ingepalm.

Tydens die prysuitdeling by *Fourways CycleLab* op 23 September behaal die volgende leerders die volgende prestasies:

- ★ Evan Naudé - **Eerste** *(Boys youth 15)*
- ★ Jayden Naude - **Eerste** *(Boys Junior 18)*
- ★ Hannah Lansdell - **Derde** *(Girls youth 16)*
- ★ Erik Breedt - **Derde** *(Boys junior 17)*



Hierdie vier leerders is dan ook uitgenooi om Gauteng by die provinsiale wedren te verteenwoordig wat op 5 Oktober in Piet Retief plaasvind. Baie sterkte aan al ons fietsryers wat aan die nasionale kampioenskappe gaan deelneem. Ons weet julle gaan ons baie trots maak.





# RUGBY


Hoërskool Randburg se **o. 17- Sewes rugbyspan** wen die Brandwag Sewes toernooi. Ons teken op die dag 173 punte aan en staan slegs 38 punte af. Hulle het ook aan die Bergsig *King of the Bush* toernooi deelgeneem en het as die wenners van die toernooi uitgetree. Baie dankie aan elke speler, ouer en ondersteuner wat deel van die dag was. Ons wil ook baie dankie sê aan ons borg, *Reckless-Bear*, vir ons klere - die seuns het soos een man op en van die veld af uitgestaan.



# GHOLF

**Franco Colin (gr. 10)** het op 21 September die Sentraal-Gauteng o. 17-gholfspan in 'n 3 x 9-gaatjie-kompetisie teen Gauteng-Noord by die bekende *Royal Johannesburg* gholfbaan verteenwoordig. Ons is trots om te deel dat Sentraal-Gauteng die oorwinning behaal het en die dag teen Gauteng-Noord gewen het. Baie geluk, Franco!











# RITMIESE GIMNASTIEK

Ons is baie trots op **Kayla du Preez (gr. 9)** wat gedurende die afgelope seisoen uitstekende prestasies in Ritmiese Gimnastiek vir dogters o.15 Vlak 6 behaal het:




**Sentraal-Gauteng Kampioenskap (15 Augustus 2025)**
Dans – **Vierde plek**
Tou – **Derde plek**
Lint – **Tweede plek**
**Algehele derde plek (Brons)**
Kayla ontvang haar Sentraal Gautengkleure en kwalifiseer vir die Gauteng Kampioenskap.

**Gauteng Kampioenskap (29 Augustus 2025)**
Dans – **Vierde plek**
Tou – **Tweede plek**
Lint – **Vyfde plek**
**Algehele derde plek**
Haar groep verower **eerste plek** vir hulle hoepelroetine. Kayla ontvang haar **Gautengkleure** en word gekies om Gauteng by die nasionale kampioenskappe in Durban te verteenwoordig.

***Empress*** **Kompetisie (12 September 2025)**
Dans – **Vierde plek**
Tou – **Eerste plek**
Lint – **Eerste plek**
**Algehele eerste plek**

**Miane van der Westhuizen (gr. 10)** het vir die nasionale gimnastiekkampioenskappe gekwalifiseer. Sy gaan **Gauteng** met trots tydens die Oktober skoolvakansie in Durban verteenwoordig. Ons wens haar alle sterkte toe.





# KRIEKET

Tydens voorbereiding vir die krieketseisoen se T20-wedstryde het ons Eerste krieketspan kragte teen Heronbridge College gemeet. Randburg kolf eerste en teken 'n indrukwekkende 236 lopies aan:




▪**Leonardo Carreira** – 62 (34 balle) ▪**Liam Peek** – 61 (34 balle) ▪**Josef van den Berg** – 62 (23 balle) met uitstaande leierskap as kaptein. Ons boulers was ewe skitterend: Ruvan Linde neem twee paaltjies Die uitblinker: **Jayden Botes** – ses paaltjies vir net 15 lopies in vier beurte (ekonomie 3). Uitslag: Randburg **wen** met 138 lopies! Baie geluk aan hierdie Eerste span met 'n fenomenale spanpoging en uitstekende afskop tot die seisoen.

## DOGTERSKRIEKETSPAN

Ons **dogterskrieketspan** het teen Northcliff High School gespeel en met **agt** paaltjies gewen. Randburg boul eerste en wys ware klas: **Stefanie Viviers** neem ’n uitstaande **vier** paaltjies vir net 11 lopies in haar **drie** beurte. Ondersteunend: **Alyssa Edwards, Abigail Jacobs en Else Badenhorst** – elk met twee paaltjies. Met die kolf verseker **Alyssa Edwards** die oorwinning met 34 nie uit nie van slegs 19 balle. Welgedaan, Meisies! Julle maak ons trots.



Randburg spog hierdie jaar sommer met **21 leerders** wat deel van die Johannesburg-Noord krieketspanne vorm. Na strawwe uitdunrondtes het ons Randjies gewys wat in hul steek. Ons is baie trots op hierdie leerders wat wys dat ‘n Randjie nooit gaan lê nie! Dit is ook vir ons ‘n groot pluimpie dat ons eie krieketafrigter, Sunnette Viljoen-Louw, die afrigter vir die o. 19-Johannesburg-Noord dogterspan is. Sterkte vir die seisoen, Randjies! Laat julle sterre skitter.



## SKAAK

Op Saterdag, 6 September het die **skaak** Educatio Atrium tydens die *Mzansi Clash of Schools* toernooi met energie gegons! Ons **o. 18- en o. 15-spanne** het trots deelgeneem en elke oomblik geniet – welgedaan aan al ons spelers vir hul uitstekende sportmangees en deursettingsvermoë.




Ons skaakspan het op 27 September by Hoërskool Waterkloof aan die *Kloof King's and Queen's Clash* deelgeneem. Teen baie sterk kompetisie het ons spelers hul staal gewys en 'n algehele tweede plek in die Plaat-afdeling behaal. Ons is ongelooflik trots op hierdie prestasie en die harde werk van elke speler.








Fantastic

# SWEM

**Simone van Aswegen (gr. 11), Megan Kleynhans (gr. 9) en Thomas Pretorius (gr. 10)** is gekies is om op 13 September by Reddam House Helderkruin aan die *Northern Alliance Invitational Short Course Gala* deel te neem en het ongelooflike prestasies behaal.

| Simone van Aswegen | Megan Kleynhans | Thomas Pretorius |
|---|---|---|
| 200m Borsslag – Tweede plek<br>50m Borsslag – Tweede plek<br>100m Borsslag – Vierde plek<br>**Simone het ook persoonlike beste tye in haar items behaal.** | 50m Vryslag – 21ste plek<br>200m Vryslag – 14de plek<br>100m Rugslag – 17de plek<br>100m Vryslag – 14de plek | 100m Borsslag – 11de plek<br>50m Borsslag – 9de plek |

Hierdie uitslae is besonder merkwaardig aangesien dit 'n oop kategorie was waar almal teen senior swemmers meegeding het. Ons jong swemmers het beslis hul staal gewys. Ons is ongelooflik trots op julle deursettingsvermoë en prestasies. Hou aan om na nuwe hoogtes in die swembad te streef.







## SA Senior Short Course Champs | Pietermaritzburg | 25 tot 28 Sept

Ons Randjies het hierdie naweek op die nasionale verhoog gaan wys hulle kan saam met die groot name meeding – selfs saam met sterre soos Chad le Clos en Lara van Niekerk. **Megan Kleynhans** het nuwe persoonlike beste tye in die 100m wisselslag en 50m vryslag geswem én haar SANJ-tyd in die 200m vryslag behaal! **Carli Coetzee (gr. 9)** het 'n fantastiese twee sekondes van haar PB afgesny in die 100m bors en ook in die 50m bors deelgeneem. Baie geluk.

**Thomas Pretorius** het gewys hy is goed op dreef:

- 100m bors → SANJ + SA Youth tyd, verbeter met 1.59 sek.
- 200m bors → SA Youth tyd, verbeter met 2.96 sek.
- 200m IM → SA Youth tyd, verbeter met 0.91 sek.
- Deelgeneem aan 50m bors en 100m IM met nuwe PB's in ál sy items.





# HOKKIE

Gedurende Septembermaand was ons Randburg leerders en personeel deel van die **JHL senior reeks**, waar hulle ongelooflike ervaring opgedoen het én met medaljes en trofeë teruggekom het. Ons is trots op al ons Randburg hokkiespelers wat so 'n groot verskil in dié groot toernooi gemaak het.

## JHL-SPELERS

Lizé Greeff
Jenica Pottas
Liechen Harper
Zivan Pruis
Stephan Moolman
Daniella Kitching
Else Badenhorst
Nicholas le Grange



## *DIVISION 1*-SPELERS

Jessica Hechtor
Stokkies Birkenstock
Ruben Jacobs
Graeme Kitching
Lizzy van Niekerk
Heinrich Cilliers
Louw Geldenhuys
Giselle Engelbrecht
Blake Minnaar
Johan Badenhorst



## UITBLINK-PRESTASIES:

★ Lizé Greeff – Silwer (o. 16 JHL)
★ Nicholas le Grange – Silwer (o. 18 JHL)
★ Else Badenhorst – Brons (o. 18 JHL)
★ Zivan Pruis – Wenners (o. 16 JHL)
★ Daniella Kitching – Wenners (o. 18 JHL)
★ Mnr. John-Henry Horn – Wenners (o. 14 JHL)
★ Ruben Jacobs – Wenners (o. 16 *Division 1*)
★ Graeme Kitching – Wenners (o. 16 *Division 1*)
★ Janrich Birkenstock – Wenners (o. 16 *Division 1*)
★ Heinrich Cilliers – Wenners (o. 18 *Division 1*)
★ Louw Geldenhuys – Wenners (o. 18 *Division 1*)







# NETBAL

Ons is ongelooflik trots op al vyf ons *Fast 5* netbalspanne wat dit tot die uitspele by Reddam House Bedfordview gemaak het. Julle toewyding, harde werk en spanwerk maak ons Randjiefamilie trots. Na afloop van die netbal *Fast 5* uitspeelwedstryde by Reddam House Bedfordview, het ons **o. 14- en o. 15-spanne** tot dié week se finale JOMO uitspele by Hoërskool Florida deurgedring. Baie geluk aan ons **o. 15-span** wat **eerste geeïndig** het.




# O.15 *FAST FIVE* NETBALSPAN IS GAUTENG KAMPIOENE!

Ons o. 15-dogters hulle harte op die netbalbane uitgespeel en as **wenners** van die *Gauteng Fast Five liga* weggestap. Ons kwalifiseer dan vir die *SA Fast Five* kampioenskappe wat op 6 en 7 Oktober plaasvind. Knap gedaan, Randjies - ons is uiters trots op julle!





## Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU.**
**Almal is welkom!**



## Parkering

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure:</u>** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.

**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**



1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**





#YOUCANDOSCIENCE

**Aanlyn Fisiese Wetenskap lesse**

- Grade 9 tot 12
- CAPS vir NSC en IEB eksamens
- Dek volledige kurrikulum
- Video lesse
- Notas
- Toetse met volledige antwoorde
- Eksamen vrae met memo wat antwoorde verduidelik
- Onbeperkte toegang tot al die lesse van al die grade
- Vorderingsverslae van leerders
- Wetenskap woordeboek

**NUUT: Graad 9 Natuurwetenskap (Chemie en Fisika komponente)**

**Volledig in Afrikaans en Engels**

Vir gratis demo lesse, pryse en meer inligting:

www.youcandoscience.co.za

Ontwikkel deur ervare wetenskap onderwysers.

JOZI COUNSELLING

GEREGISTREEDE TRAUMA BERADER

**KARIN PAMPEL**
BComm (Bedryfsielkunde) (UJ)
BA Hons (Sielkunde) (UNISA)
BPsych
**Praktyknommer: 0414581**
**HPCSA REG: PRC0012700**

**BERADING**

Volwassenes, Tieners en kinders, Angs en ligte depressie, Rouberading, Afknouery, Emosionele ondersteuning, Gesinskonflik, Ouerskapvaardighede, Verhoudingsprobleme, Streshantering, Traumaberading, Pastorale / Christelike berading



Mediese fonds tariewe geld
Berading in Engels en Afrikaans
Aanlyn of persoonlik

010 001 9997 / 082 565 2704 | karin@jozicounselling.co.za | E-MEDCENTRE 18 Aimee St, Ruiterhof, Randburg










'n Dame is opsoek na 'n tuinwoonstel wat verkieslik nie meer as R7000 per maand kos nie (maksimum bedrag per maand R7200).

Troeteldier-vriendelik (twee binneshuise katte wat glad nie uitgaan nie). Randburg/ Linden omgewing.

E-pos asseblief vir Pieter Els by pieter.els@hsrandburg.co.za.

coolideas

YOUR FIBRE GUY


Expressing Hope
BENEFIT CONCERT
KURT Darren
and
Hoezit Samelewing
FRANCOIS BOYCE
OCT 24
COMPUTICKET
DANIELLE STREET 1,
FAIRLAND JOHANNESBURG


mosaïek expo
16 OCT-1 NOV
CASHLESS EVENT
DÉCOR
FASHION
FOOD
GIFTS

# DIE JESUS-STORIE

Kan my ou natuur ooit verlos word?

Hoekom was die Ou Testament nodig?

Het God die sondeval beplan?

Waarom word mense nie gesond as ek bid nie?

Waar pas ek in God se storie?

**KOM ONS GESELS**

## WEES GENEES Konferensie

10–11 OKTOBER 2025
Randburg Hoërskool
Jhb

# GETUIENISSE

Genesings en herstel van die Vader se liefde

Kanker genees

Geestelike sig herstel

Ouma se knieg genees

Genesing van verwerping en mislukking

'n Stom Seun begin praat na 9 jaar se stilte

Goddelike orde, doelstellings en roepinge herstel

Onderdompelings en vervulling met die Heilige Gees

Alle denominasies welkom

Registreer nou voor 4 Oktober - www.be-healed.co.za

UNBROKEN


CEDAR SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T&C's Apply.


TRIUMPH
Mathematics
Wiskunde Privaattutor
By Triumph Mathematics verdien kinders om hulle volle potensiaal te bereik.
En 'siblings' geniet nou 20% afslag!
Kontak ons gerus:
Karlienjohnson1@gmail.com
www.triumphmaths.com
082 566 5917


Discover
The Sweetness of Nature
Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street, Benoni for the finest Farm Fresh Honey.
Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm & Saturday 8am - 1:00pm
100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour
www.highveldhoney.co.za
011 849 1990
@highveldhoneyfarms

nhs

NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS **HELP** MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima mins 3 %.


## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# WINTER IS OPPAD:
# IS JOU SEKURITEIT REG?




Terwyl die winter nader kruip, is baie van ons besig om ons klerekaste uit te pak en die tuin reg te maak. Maar het jy al daaraan gedink om jou huis se sekuriteit ook 'n bietjie aandag te gee?

Met die dae wat korter word en die nagte langer, is dit die perfekte tyd om jou sekuriteitstrategieë te bekyk en seker te maak hulle is reg vir al die uitdagings wat die koue bring.

Ons stel voor dat jy so gou moontlik jou sekuriteitstelsels deeglik nagaan. Kontak jou sekuriteits-maatskappy en toets die alarm en paniekknoppies. Reël sommer 'n tegniese diens indien nodig.

Hierdie toets is baie belangrik! As die stelsel nie reg werk nie, sal die paniek sein dalk nie by jou sekuriteitsmaatskappy uitkom nie, en hulle sal dalk nie eers weet daar is 'n noodgeval by jou huis nie.

Die beste is om by die buitekant van jou erf te begin en so na binne te werk. Dink soos 'n skelm en kyk of jou heining of mure, tuin, vensters, deure, tuinskuur, motorhuis, ens. enige swak plekke het wat 'n skelm kan gebruik tot sy voordeel.

## FIDELITY ADT BIED NOG 6 LEKKER WENKE AAN OM HIERDIE WINTER VEILIG TE BLY:

**1**
Maak seker jou straatnommer is steeds duidelik sigbaar in die geval van 'n noodgeval. Dit kan kosbare tyd spaar vir die reaksiespan as hulle moet kom help.

**2**
As jy jou honde saans binne bring, vra jou sekuriteitsmaatskappy om jou alarmstelsel so op te stel dat dit steeds 'n vroeë waarskuwing gee, al is die diere binne.

**3**
Verseker dat jy 'n rugsteunkragbron het om ligte, hekmotors, en sekuriteitstelsels te alle tye aan die gang te hou.

**4**
Sit eksterne sensors vroegaand al aan sodra almal by die huis is.

**5**
Wees wakker en op jou hoede wanneer jy by die huis wegry en aankom. Misdadigers maak gebruik van die langer ure van donkerte in die winter en is nie bang vir die koue nie!

**6**
Maak seker jou sekuriteitsmaatskappy het die nuutste kontakbesonderhede van die sleutelhouer.

Sekuriteitsbehoeftes verander saam met die seisoene. Terwyl ons voorberei om meer tyd binnenshuis deur te bring, kan jy met hierdie wenke die gemoedsrus hê om te weet dat jou sekuriteitsroetines net so wintergereed is soos jy!

FIDELITY SERVICES GROUP · ADT

086 12 12 400 / 086 12 12 401 · www.adt.co.za

facebook.com/ADTsa · @fidelity_adt_security · @FidelityADT

# OKTOBER 2025

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | | Robotics League 14:15 B4<br>SF Opleiding tot 18:00<br>Puntekontrole<br>Gr 12's 40 days<br>Dogterskrieket vs Randpark high (w)<br>Gr 12 IGO PAT 9-12:00 | SF opleiding 15:30<br>A Capella oefening<br>Tienertoneel optrede in die skoolsaal 17:30-21:00 | **Skool sluit**<br>Rapporte uit | Matriekafskeid<br>Fietsry: Byeenkoms finaal<br>Krieket: vs St Davids | Skiet: SANSSU SA's<br>Fietsry: Byeenkoms Finaal |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| Netbal: Fast 5 SA's uitspele<br>Skiet: SANSSU SA's<br>Atletiek: Paarl Noord vs Suid | Netbal: Fast 5 SA's uitspele<br>Skiet: SANSSU SA's | Skiet: SANSSU SA's<br>Ruitersport: Nasionaal | Skiet: SANSSU SA's<br>Ruitersport: Nasionaal | Skiet: SANSSU SA's<br>Ruitersport: Nasionaal | Skiet: SANSSU SA's<br>A Capelle Finaal Hugo Lambrecht Ouditorium Wes-Kaap | |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| **Skool open**<br>**Jesus week**<br>Tennis: C-Span (w)<br>Kuns en ontwerp (p) 08:00-15:00 | **Jesus week**<br>Tennis: Dogters A & B (mbw)<br>Koor: Galakonsert & Prysuitdeling FGK 18:30<br>Skaak: Vrienskaplik vs Pinnacle Linden(t)<br>Kuns en ontwerp (p) 08:00-15:00 | **Jesus week**<br>Robotics League 14:15 B4<br>SF Inhuldiging 18:30<br>Kuns en ontwerp (p) 08:00-15:00 | **Jesus week**<br>Produksie in Blouster<br>IEB/APMATHS Wisk Gr 12 09:00 & 13:00 | **Jesus week**<br>Atletiek: Bloemfontein<br>Tennis: Seuns A & B<br>Gr 12 Prysuitdeling (oggend)<br>Gr 12 Pledge sighning<br>Produksie in Blouster | Atletiek: Bloemfontein<br>Figures Randburg Atrium 13:00-16:00<br>Produksie in Blouster | |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| Netbal: MNLights<br>Tennis:-C-span Dainfern (t)<br>BL-Vergadering | Orkes Soiree 18:30 Ouditorium<br>Mnr.& Mej. Randburg (kleedrep)<br>Gr 12 RTT 09:00 (p) | Mnr.& Mej. Randburg<br>Gr 12 IT (p) | **AJV 18:30 (aanlyn)**<br>Gr 12 Eng P3<br>Skaak: Vriendskaplik vs Curro Aurora (t) | Eksamen begin: LO gr 8-11 (08:00-10:00)<br>Tennis: Seuns A & B Helpmekaar (t)<br>Gr 12 Afr (v3) | Netbal: Triumph toernooi @ Cornwill Hill College | |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 1 | 2 |
| **Eindeksamen gr 8-12 begin**<br>Gholf Sent Gauteng Liga<br>Skaak: @ Waterkloof<br>Skaak: Gauteng Ind kampioenskappe<br>Gr 12 Rek (v1) 14:00 | Tennis: Dogters A & B (mbw) | Seunskrieket vs Monument (w)<br>Simfonieorkes konsert 18:30 Ouditorium<br>Seunstennis: vs Oosterlig (t)<br>Gr 12 Eng P1 | MMS Prysuitdeling 18:30<br>Fotografieklub<br>Gr 12 Gesk V1<br>Gr 12 IGO V1 14:00 | Louwtjies Ster Altleet byeenkoms<br>Gr 12 Wisk | | |